INTERNASIONALE STRANDSKOONMAAKDAG: 21 SEPTEMBER

Ons almal raak meer en meer bewus van die gevaar van plastiek in ons omgewing. Hier is ’n gulde geleentheid om daadwerklik te help. Vanjaar gaan die strandskoonmaak ons hele gebied dek: van Rooiels tot Kleinmond se hoofstrand. Aktiwiteite begin om 09:00 en duur tot 10:30 (of solank jy kan). Sakke en handskoene word verskaf.

GEHOORVERLIES

Maandag 9 September besoek **Kind2Hearing** Kleinmond. Kom woon ’n gratis geleentheid in die kerksaal aan om 10:00. Hulle bied ’n praatjie aan, gee geleentheid vir vrae, maak gehoorapperate skoon, verskaf batterye teen ’n billike prys. Hulle sal ook gehoorsiftingstoetse doen.

HERWINNINGSPUNT IN KLEINMOND

Groot deurbraak! Ons kan weer herwinbare afval (papier, karton, plastiek, glas en metaal) van ons ander huishoudelike afval skei en saam in ’n aparte sak sit. Dus, dieselfde artikels wat ons tot verlede jaar buite ons erwe in wit/deurskynende sakke uitgesit het. Aangesien die munisipaliteit nie tans herwin nie, moet ons dit nou net self in die **groen sleepwa** kom sit by **BD HUB** in hoofweg, langs Sasol. Die sleepwa sal elke week die hele **Woensdag en Donderdag** daar staan. Stap om die sleepwa, sit jou herwinbare afval agter in en **Walker Bay Recycling** ry dit Vrydae weg. Kom ons kyk of ons die sleepwa in 2 dae kan vol kry! LW: GEEN ander huishoudelike afval nie. Geen sakke op die grond nie. Dankie aan Wynand Bock van **BD Hub** vir die gebruik van die perseel en vir **SASOL** wat 24-uur ’n ogie gaan hou.

KLEINGROEPE

Inligting oor die samestelling van kleingroepe word dringend benodig. Kleingroepleiers word gevra om Hendrina te bel of ’n sms te stuur (3331 of 0719322659) met die volgende inligting: Naam van leier, uit hoeveel lede die groep bestaan en wanneer die groep vergader.

KERKKLOK

KLEINMOND BETTYSBAAI PRINGLEBAAI ROOIELS

08:09:2019

Welkom by die Erediens

09:00	**Kerksaal**	**Dr. Chris Malan**
09:00	**Sentrum**	**Ds. Steven Sass**
09:30	**Kerkgebou**	**Ds. Theuns Henn**

Deurkollekte: Instituut vir Dowes

Eredienste 15 September 2019
Getuienisfees

09:00	**Kerksaal**
09:00	**Hangklip-Sentrum in Bettysbaai**
09:30	**Kerkgebou**

Deurkollekte: Plaaslike Diens van Barmhartigheid

EMBLEEM VIR JUBELJAAR

Volgende jaar is ons gemeente 50 jaar oud. Ons gaan die hele jaar deur feesvier. Ons wil graag ’n fees-embleem vir die jaar ontwerp. Enige lidmaat wat lus is om sy/haar hand aan soiets te waag, is welkom om in te skryf voor 15 Oktober.

Kerkkantoor: Nienie 0282713470 Elizna 0282713268
ngkkleinmond@gmail.com/ www.ngkkleinmond.co.z
Ds. Steven Sass 072 352 8347
sassteven@hotmail.com
Dr. Chris Malan 072 198 7279
drchrismalan@outlook.com

WAAR DAAR HARTSEER EN KOMMER IS...

Ons dink aan almal wat ons gebede baie nodig het
Ons dink veral aan Ezette Swanepoel: PM1,
Riti Turner: KB1 (☏0793862695),
Tweenitha Coetzee: KB1 (☏3440),
Douglas en Marie Veldtmann: KB3 (0828240765),
Wynand Badenhorst: Sa1 (0824626484),
Kobus de Jager: Sc2 (☏0765348088),
Suretha Luttig: Ba1 (☏0726068525), Hennie Rall: Bb1 (☏5364),
Joyce Botha: KP, Careen de Hart: KP, Du Toit v/d Merwe: Sb2.
En Estelle Bruwer: Sc4 wie se ma oorlede is.

Baie dankie

Suretha Luttig getuig van die versterking van die ondersteuning wat sy ontvang. Sy wil elkeen bedank wat vir haar voorbidding doen. Sy ontvang steeds behandeling, maar is baie positief.

...**EN WAAR DAAR VREUGDE IS. . .**

Baie geluk aan almal wat gedurende die week verjaar.

In die besonder almal wat vandag verjaar. Ons gee ook hul kontaknommer sodat u hulle kan bel.
Snowy du Preez (0282713994 - KP),
Elseline Swart (BB2),
Mercia van Zyl (0836595659 - KP).

DIE WEEK SE PROGRAM

Sondag	18:00 Bybelskool
Maandag	15:00 Gasvrouens vir tee bo 80 vergader
Dinsdag	09:00 Kleingroepe vergader 15:00 Eiendomme 16:30 Gebedsgroep
Woensdag	15:00 Tee bo 80
Donderdag	16:00 Kooroefening
Vrydag	18:00 Praise & Worship in kerksaal

GEBEDFOKUS

Ons bid tot die enigste ware lewende God en dit is wat Hy vir ons sê van ons huidige omstandighede:

"Daar is 'n oorlog aan die gang en julle veg daarin. Julle moet sterk wees, maar die krag kom van die Here af, want al die mag behoort aan Hom. Trek die volle gevegsuitrusting aan wat God julle gee, dan sal julle nie deur die slinkse planne van die duiwel oorwin word nie. Die vyand met wie julle te doen het, is nie 'n mens nie, julle veg teen die onsigbare engele van die Satan en teen sy magte wat in hierdie donker tyd waarin ons leef die wêreld oorheers. Gebruik dan al die wapens wat God vir julle gee sodat julle jul kan verdedig as julle aangeval word en as die geveg verby is, sal julle nog onoorwinlik wees. Julle moet altyd onder alle omstandighede bid onder die leiding van die Heilige Gees. Moenie verslap nie, maar bly altyd gereed. Hou aan om ernstig te bid vir al die Christene."

PRAISE & WORSHIP

Vrydagaand 13 September kom almal wat lekker wil kuier om 18:00 by die kerksaal bymekaar gewapen met 'n piekniekmandjie.
Ons eet eers lekker saam en daarna sing ons.
Kom deel in die vreugde van alle eer aan God te gee.

DEMENSIE ONDERSTEUNINGSGROEP

Die groep vergader Donderdag 19 September om 10:00 By te Kogelpark.
Dit is ons Lentebyeenkoms waar 'n regskenner sal kom gesels oor regsaspekte.
Vir meer besonderhede bel Corrie Hugo 084 877 5356 of Wilma Meyer 084 581 3818

INTERKERKLIKE GEBEDSBYEENKOMS

As gevolg van die Getuienisfees verval die geleentheid hierdie maand.

WYS GOD SE LIGKOL!

In ‘n *pik*donker plek besef ‘n mens hoe kosbaar lig is. Dis wat ons wil wees: die *draers* van klein brokkies lig wat soos ‘n ligkol in ons wêreld skyn!

Die tema van vanjaar se Getuienisfees kondig dieselfde strewe aan:

WANT ALMAL MOET HOM EER!!!

GETUIENISFEES: 14 - 17 September 2019

Predikers: Sondag 15 September

Kerkgebou, 9:30: Ds. Dirk Coetzee van Kingfisher. Ds. Dirk is een van die sendelinge wat ons gemeente ondersteun. Hy koördineer ‘n bediening in Sri Lanka waar hy veral ‘n verskil maak deur die opleiding van pastore en dissipelmaking.

Hangklipsentrum, 9:00: Hier is die prediker die hoofspreker van ons Getuienisfees, **Dr. Frans Hancke**, outeur van “Ons is die Plan”. Dr. Frans is reeds baie lank betrokke by sending, opleiding in gemeentes, en het ook reeds baie sendelinge uitgestuur om in Afrika te gaan werk.

Kerksaal, 9:00: Dr. Chris Malan sal hierdie diens lei. Hy gaan aansluit by die sentrale tema van vanjaar se Getuienisfees en ook begin met ‘n spesiale aanbieding van Die Plan, spesifiek gemik op die gesinne wat hierdie diens gewoonlik bywoon.

Die res van die program is soos volg:

Saterdagmiddag, 15:00, by die gemeenskapsaal in Proteadorp. **Michiel de Villiers** wat vir die organisasie **Echoyouth** die dienswerker op Calitzdorp is, is die spreker by die byeenkoms vir die kinders/jeug. Daar gaan ook gesing en gespring en musiek gemaak word! Ons nooi graag ons ouers en kinders uit!

Aandbyeenkomste

(Sondagaand, Maandag en Dinsdag) om 18:15: Kerksaal in Eerstelaan. Elke aand begin met lofprysing. Daarna kom dr. Frans Hancke aan die woord. Na ‘n pouse vir tee, koffie en toebroodjies volg die tweede spreker. Daar is uitstallings van ons sendelinge se werk, en soos elke jaar verkoop Thys Visser van Geopende Deure ook weer boeke.

Sondagaand is **Dries en Ilse van Jaarsveldt** van Zambië ná dr. Frans Hancke aan die woord. Dries en ander bou infrastruktuur om ‘n bron van inkomste vir sendingwerk te skep. Hulle benut dit ook om dissipels te maak, werk te skep en vaardighede te ontwikkel. Die opbrengs word teruggeploeg in gemeenskapswerk. Ilse werk toegewyd om die nood van verdrukte vroue te verlig.

Maandagaand is **Bruce van Eeden** van **Ten Forty Outreach** tweede aan die woord. Ons gemeente ondersteun hom reeds jare lank in sy volgehoue ywer om in die mees onbereikte dele van die wêreld pastore op te lei. Hy het verlede jaar ‘n Mighty Men-byeenkoms in Indië aangebied. In Kaapstad bedien hy ‘n gemeente en reik uit na gemeenskappe.

Dinsdagaand is **Thys Visser** van **Geopende Deure** tweede aan die woord. Hy is ‘n ou bekende in ons gemeente. Hy het baie kennis van die werk wat gedoen word om die nood van vervolgde Christene wêreldwyd te verlig en het waarlik ‘n hart vir dié werk. In die Wes-Kaap gee hy leiding aan gemeentes en daag gelowiges uit om ook te bid vir diegene wat die vervolging dryf.

Teken asseblief die Getuienisfees aan
en kom neem deel!!

Inligting oor ’n gebedsverbintenis by die deure beskikbaar.